

# TOOLBOX

*April 2013*

LID VAN VETERAAN MOTORVERENIGING VIR SUIDER AFRIKA (SAVVA)

Sedert Februarie 2004

Uitgawe nr 97



## Dagsê Vriende

Baie dankie vir almal se bydae om die skou suksesvol aan te bied, maar soos jul reeds weet was ons uitgawes baie. Hoewel ons borge gekry het vir van die kostes sal ons almal skouer aan die wiel moet sit om fondse in te samel as ons weer so n skou wil hou!











Magic Photography 082 210 3960



Magic Photography 082 210 3960











## AGTER DIE STUURWIEL...

En so kom alle dinge tot 'n einde. Maande se beplanning en harde werk het in twee dae tot 'n hoogtepunt gemanifesteer. Ek hoop teen hierdie tyd is almal uitgerus en weer reg om die projekte aan te pak en die laaste herfs sonskyn te geniet voordat die winter op ons toesak. Dankie aan almal wat gehelp het om ons afgelope skou suksesvol te kon aanbied. Hierdie jaar het dit werklik gevoel asof die beplanning en uitvoering in seksies opgedeel was en dat elke seksie 'n span gehad het, wat hulself uitstekend van hul taak gekwyt het.

Mense meet die sukses vlak van die skou op verskillende maniere. Sommiges kyk na die hoeveelheid voertuie wat uitgestal is, ander kyk na die hoeveelheid mense wat dit bygewoon het. Ons kan die sukses meet ten opsigte van hoeveel wins wat gemaak is, maar vir my gaan dit oor die bande wat ons gebou het. Bande met bekendes, soos Peter Lindenberg (Lindenberg Racing) en John Ogilvie (Ford Museum & Lazarus Group), met klubs soos die Cobra klub, GT40 klub, Diamond City Street Rod klub en al die ander wat teenwoordig was. Bande met ons plaaslike handelaars en besighede (wat selfs uit Johannesburg belangstelling getoon het), bande met nasionale tydskrifte, TV stasies (Ignition) en met elke persoon wat hierdie skou bygewoon het. Steeds kry ek terugvoer van mense wat hul dankbaarheid en goeie wense uitspreek. Soms het ek gewonder of dit die moeite en tyd werd is om al die reëlins in plek te kry. Maar na 'n dag soos 9 Mei 2013, weet ek die antwoord is JA.

Met 'n amptelike telling van 369 "exhibits" en nog sowat 50 nuwe voertuie daarby, was dit ons grootste skou tot op hede. Byna dieselfde hoeveelheid toeskouers as verlede jaar, 2500, was teenwoordig. 'n Laaste vraag....wat gaan ons volgende jaar doen om dit te oortref???

Groetnis tot volgende maand...  
Tertius

## Gelukwensings

### Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende lede wat verjaar. Mag julle 'n vreugdaevoie en geseënde jaar hê!

|                 |       |
|-----------------|-------|
| Dave Green      | 08/04 |
| Arthur Lloyd    | 22/04 |
| Johnnie Neuhoff | 23/04 |




Ons wens elkeen van hierdie persone sterkte toe vir die jaar wat voorlê en verseker hulle van ons deurlopende ondersteuning!



## Eerste Motorongeluk in SA 1903

Die heel eerste gedokumenteerde motorongeluk in Suid-Afrika was op 1 Oktober 1903. Die motor is getref deur die sneltrein van Johannesburg na Kaapstad by die Maitland spoorroorgang. Die motor was 'n algehele wrak na die ongeluk, maar die 3 insittendes het met hulle lewens daarvan afgekom en het heeltemal herstel. Die kar is na die ongeluk weer heeltemal herstel met onderdele uit Frankryk. Die kar se eienaar, mnr. Garlick, was die stigter van die Garlicksgroep kettingwinkels



## Die eerste motors

DIE koms van die eerste motors op plattelandse dorpie het 'n hele beroering veroorsaak. Maar hulle was nie altyd welkom nie. Hulle kon immers die perde op loop jaag en het boonop baie stof opgeskop.

Die bakwerk van die vroeë motors was feitlik geheel en al van hout. Die vervaardiger was dikwels 'n koetsmaker, wat dit net soos die ou koetse geveer het. En omdat min mense in daardie baanbrekersdae verwag het om ver te gaan ry, het die meeste motors weinig bagasieruimte gehad. Die bagasiebak is gewoonlik met gereedskap en onderdele gevul!

Een vroeë toevoeging vir geriefliker motorritte was modderskerms by die wiele. Dit moes die passasiers beskerm teen die modder en dinge wat van die paaie af opgewerp is.

Reeds van die eerste dekade van die twintigste eeu af moes die motors in die meeste lande geregistreer word en 'n nommerplaat hê—deels om die owerheid te help om roekelose bestuurders te identifiseer.



By die vroeë motors moes die masjien gedurig met verstellers aan die stuurkolom of 'n kolom daarnaas verstel word. Só was daar 'n handversneller, 'n klepligter-beheerknop en 'n vonkvervroeger/-vertrager. Die snelheid is met laasgenoemde beheer.

Dit was baie moeilik om die eerste motors te bestuur. Om weg te trek moes die bestuurder die ontsteking verhaas en die kleppe verder oopmaak, dan die handrem losmaak en die motor in rat gooi terwyl hy die koppelpedaal versigtig uitlaat—en boonop die verkeer dophou!

Namate motors goedkoper en gewilder geraak het, wou die rykes ál meer eksklusiewe rygoed hê.

Vir die luukse-motors van voor die Eerste Wêreldoorlog is die beste tegnologie en vakmanskap ingespan. Geen koste is ontsien nie, en hierdie weeldemotors—Hispano-Suizas, Benze, Delauney-Belvilles en Rolls-Royce'e—is gebou volgens standarde wat daarna selde in motorvervaardiging geëwenaar is.

Hulle is binne met fluweel en brokaat, suiwer leer en dik pooltapyte uitgevoer. Bakwerke is deur die voorste koetsmakers presies volgens die klante se voorskrifte vervaardig. Die masjiene was groot, kragtig en gladwerkend. Maar dan is die motors nie deur die rykes self bestuur nie, dog deur professionele chauffeurs of motormanne.

Ryk vroue het nie verwag om te bestuur nie, hulle wou bloot in styl rondgeneem word. Een het gesê: "Ek stel nie die minste belang in die masjien nie. Ek laat dit aan Monsieur Chauffeur oor. Al waarin ek belang stel, is die binne-afwerking."

Oop toermotors is dikwels bo hoë toe-motors of limousines verkies wat gevaarlik om die draaie gekantel het. Motoriste was doodtevrede om 'n oop toermotor te hê, mits dit "agter 'n ligte kap van die kapkar-tipe het om die stof uit te hou en wat oopgevou kan word wanneer dit swaar reën".

Selfs vir luukse motors is baie onderdele nie spesiaal vervaardig nie, maar is ander gebruiksartikels bloot aangepas. Elektriese skakelaars was soos dié in die huis.

Nadat Charles Rolls en Henry Royce in 1906 hul eerste motor vervaardig het, het die Rolls-Royce spoedig vanweë sy loutere kwaliteit as "die beste motor ter wêreld" bekend gestaan. Met sy spookagtige geruisloosheid en blink aluminiumbak het hy die naam "Silwer Ghost" verdien. Teen 1909 het die meeste motors 'n masjienkap gehad wat in 'n vloeiende lyn van die verkoeler af na agter geloop het, met kopligte aan weerskante. Die Rolls-Royce se verkoelerooster het sy handelsmerk geword.

'n Rolls-Royce Silver Ghost.





Ná 1909 het motors gewoonlik voorruite gehad om die wind en stof weg te keer. Maar omdat daar geen ruitveërs was nie, moes chauffeurs die ruite met rou aartappels of appels smeer om die reënwater te laat wegvloei.

Die vroeë motors het 'n noodband gehad, maar geen noodwiel nie. As die bestuurder dus 'n pap band gekry het, moes hy die motor opdomkrag, die band van die velling aflig, die noodband aansit en dit oppomp.

Die rykes is aangeraai om meer as een motor te besit, sodat hulle die regte koetsbak vir elke geleentheid kon hê. Hulle sou byvoorbeeld ook 'n "limousine" aanskaf wat geskik was vir die aand, omdat 'n keil (hoë hoed) daarbinne gedra kon word.


***Het jy geweet ? Daar was teen die jongste eeuwisseling meer as 450 miljoen motors op aarde.***

Ingestuur deur Ralph

**1928 version of Junk Mail ...**

**AUTOMOTIVE REPAIR ADVERTISEMENT IN 1928...**

**SENT ON A PENNY POSTCARD**







### **1914 Model T Ford.**

May 31st 1927, the last Ford Model T rolled off the assembly line. It was the first affordable automobile, due in part to the assembly line process developed by Henry Ford. It had a 2.9 litre, 20-horsepower engine and could travel at speeds up to 45 miles per hour. It had a 10-gallon fuel tank and could run on kerosene, petrol, or ethanol, but it couldn't drive uphill if the tank was low, because there was no fuel pump; people got around this design flaw by driving up hills in reverse.

Ford believed that "the man who will use his skill and constructive imagination to see how much he can give for a dollar, instead of how little he can give for a dollar, is bound to succeed." The Model T cost \$850 in 1909, and as efficiency in production increased, the price dropped. By 1927, you could get a Model T for \$290.

"I will build a car for the great multitude," said Ford. "It will be large enough for the family, but small enough for the individual to run and care for. It will be constructed of the best materials, by the best men to be hired, after the simplest designs that modern engineering can devise. But it will be so low in price that no man making a good salary will be unable to own one — and enjoy with his family the blessing of hours of pleasure in God's great open spaces."

Groete  
Dircolene



**Wat het gebeur op die dag in die geskiedenis**

**What happened on this day**

|                    |                                                                                                                                                                                                                                                  |                                                                                                                                                                                                                     |
|--------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Datum /Date</b> | Die Yellow Cab Company is gestig deur Joohn Hertz 99 jaar gelede                                                                                                                                                                                 | The yellow cab company was founded by John Hertz 99 years ago. Yellow was selected because it was easiest spotted                                                                                                   |
| <b>10-Apr</b>      | Geel is gekies want dit is die maklikste sigbaar                                                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                                                                     |
| <b>11-Apr</b>      | Henry Ford is getroud op die dag in 1888 met Clara Jane Bryant hy was 24 en sy 22 jaar oud . Sy was sy grootste ondersteuner                                                                                                                     | Henry Ford married on this day 1888 with Clara Jane Bryant He was 24 and she 22 years old . She was his greatest supporter                                                                                          |
| <b>15-Apr</b>      | 101 jaar terug het Titanic gesink. Aan boord was Washington Augustus Roebing hy was ook onder die wat gesterf het                                                                                                                                | 101 Years ago Titanic sank, on board was Washington Augustus Roebing, he also drown,he was a 31 year old race car engineer and driver. He develop a race car Roebing-Planche                                        |
|                    | Hy was n 31-jarige race car engineer en drywer. Hy het n resies kar ontwerp bekend as Roebing-Planche wat tweede plek behaal het in 1910 in die Vanderbilt Cup Race                                                                              | which took second place in the Vanderbilt Cup Race in 1910                                                                                                                                                          |
| <b>21-Apr</b>      | General motors vier hul 100 miljoenste Amerikaans gemaakte kar. Op die dag 1967. Op die tydstip die wereld se grootste vervaardiger. In 1967 het hul ook begin om die Pontiac Firebird en Chev Camaro te vervaardig in antwoord op Ford Mustangs | General Motors celebrated the 100 millionth American made car on this day 1967. GM was the world largest autotmaker. In 1967 they started producing the Pontiac Firebird and Chev Camaro in answer to Ford Mustangs |
| <b>25-Apr</b>      | Die Maserati broers bring die eerste car uit onder die Maserati naam in 1926.                                                                                                                                                                    | The Maserati brothers brought out the first car under the Maserati name in 1926                                                                                                                                     |
|                    | Raai watter kar sal n dokter in 1909 wou bestuur? Opel 4/8hp                                                                                                                                                                                     | Guess which car a doctor choose to drive in 1909? Opel 4/8hp                                                                                                                                                        |
|                    | dit was ook bekend as die dokter se kar                                                                                                                                                                                                          | it was also known as the Doctors car                                                                                                                                                                                |